This USE AGREEMENT constitutes the entire contract between the parties. The HOLDER acknowledges that no warranties have been given or representations made to him save as set out in this USE AGREEMENT. No variation hereof shall be of any force or effect unless the same be reduced to writing and signed by all the parties.

#### 16. EXTENSIONS OR INDULGENCES

No extension or indulgence which the COMPANY may grant to the HOLDER in connection with the fulfilment of any of its obligations, shall prejudice or constitute a novation of any of the COMPANY's rights in terms of this USE AGREEMENT.

#### 17. DOMICILIA CITANDI ET EXECUTANDI

- 17.1 The parties select as their respective domicilia citandi et executandi for the due service of notices and process pursuant to this USE AGREEMENT, the following addresses:

THE COMPANY: 24c, Delport Street, Schweizer-Reneke 2780

THE HOLDER: 24c, Delport Street, Schweizer-Reneke 2780

The addresses to be inserted in this paragraph must be street addresses (and not postal addresses).

- 17.2 The parties shall be entitled from time to time to change their respective domicilia citandi et executandi to other addresses within the Republic of South Africa (which addresses shall however not be postal addresses) by way of written notice given to the other parties to that effect, which notice shall take effect from date of receipt by the other parties.
- 17.3 Any notice which must be given pursuant to this Agreement, must be in writing and shall be delivered by hand or despatched by prepaid registered post in which latter case, the notice shall be deemed until the contrary has been proved, to have been received on the seventh day after posting.

#### 18. DIVISIBILITY

the provisions of this USE AGREEMENT:

- 18.1 shall apply and be linked to each individual SHARE BLOCK in the capital of the COMPANY, and  
 18.2 are divisible in respect of each of the SHARE BLOCKS in the capital of the COMPANY.

THUS SIGNED AT Schweizer-Reneke.....ON THE.....12th.....DAY OF.....August.....1988.....

AS WITNESSES

1. M. J. Berg.....  
 2. M. de Bruyn.....

  
 ESTUARY PROPERTIES SHARE  
 BLOCK COMPANY LIMITED

THUS SIGNED AT Schweizer-Reneke.....ON THE.....12th.....DAY OF.....August.....1988.....

AS WITNESSES

1. M. J. Berg.....  
 2. M. de Bruyn.....


  
 LTR BELEGGINGS  
 (EIENDOMS) BEPERK



Annexure

4

Bladsy 2



4, 5, 6, 7, 8, 9, 10, 11, 12, 18 and  
44 as set out in Annexure "G";

10.6.5. POINT BASIS means that the tariff per POINT (as described in 10.6.1. - 10.6.4.) is calculated by dividing the total Levy Fund for the OPERATIONAL YEAR by the aggregate of the POINTS in respect of all the SHARE BLOCKS representing the total issued share capital of the COMPANY;

10.6.6. The tariff per SHARE BLOCK is calculated by multiplying the tariff per POINT by the number of POINTS allocated to a given SHARE BLOCK."

met die volgende vervang word

"10.6. Every levy which is made by the DIRECTORS pursuant to these provisions shall be made upon the members of the COMPANY on a per SHARE BLOCK BASIS so that equal levies are paid for all SHARE BLOCKS whether PEAK SEASON, IN-SEASON, MID-SEASON or SEMI-SEASON."

(ii) Die Spesiale Besluit aangeneem in (i) hierbo van krag sal meer terugwerkend vanaf 1 Maart 1987.

12/1/88



M

(Levering)

46


"B"

## GEBRUIKSOOREENKOMS

ESTUARY PROPERTIES SHARE BLOCK LIMITED  
(die "MAATSKAPPY")

en

LTR BELEGGINGS (EIENDOMS) BEPERK  
as die geregistreerde houer vir die hede van  
al die uitgereikte aandele van die MAAT-  
SKAPPY (die "HOUER")



DERHALWE WORD DAAR SOOS VOLG OOREENGEKOM:

### 1. DEFINISIE

1.1 In hierdie Ooreenkoms lensy dit andersins uit die samehang blyk, het die volgende woorde en uitdrukings die betekenis aan hulle toegeskryf:

"AANDELEBLOK"

die AANDELEBLOK wat uit aandele in die MAATSKAPPY bestaan en wat ingevolge die MAATSKAPPY se Statute aan die SUITE en die WEEK gekoppel is;

"BEDRYFSJAAR"

die jaar bereken vanaf 1 Maart tot die einde Februarie elke jaar of sodanige periode van twaalf maande soos deur die DIREKTEURE van tyd tot tyd bepaal mag word en waarvoor heffings in terme van Klousuel "10" hiervan bereken word;

"BESTUURDER"

die persoon wat van tyd tot tyd aangestel is om die EIENDOM te bestuur en daaroor toesig te hou ooreenkomstig die BESTUURSOOREENKOMS, met dien verstande dat waar niemand as sulks aangestel is nie, die term die MAATSKAPPY se benoemde sal beteken;

"BESTUURSOOREENKOMS"

die ooreenkoms wat van tyd tot tyd tussen die MAATSKAPPY en die BESTUURDER geld in terme waarvan die BESTUURDER ooreengerek het om die EIENDOM te bestuur en toesig daaroor te hou;

"DIREKTEURE"

die DIREKTEURE van die MAATSKAPPY;

"EIENDOM"

die MAATSKAPPY se EIENDOM insluitende die geboue daarop geleë te Lot 5, St Lucia, Provinsie Natal;

"GEOU"

die geboue op Lot 5, St Lucia, bekend as SANDY PLACE, ST LUCIA;

"GEBRUIK"

gebruik soos deur die WET voorgestel word;

"GEMEENSKAPLIKE EIENDOM"

die grond waarop die GEOU staan en sodanige gedeeltes van die GEOU wat nie 'n SUITE insluit nie;

"HOUER"

die houer van 'n AANDELEBLOK, insluitende die koper daarvan, hetsonder 'n opskortende of ontbindende voorwaarde ten opsigte van die oordrag van eiendomsreg of andersins en wat nog nie oordrag van die AANDELEBLOK geneem het nie, maar wat in okkupasie van die SUITE is of op die GEBRUIK daarvan geregtig is;

"MAATSKAPPY"

ESTUARY PROPERTIES SHARE BLOCK LIMITED

"ONDERHOUDSWEEK(WEKE)"

daardie spesifieke weke in elke BEDRYFSJAAR ten aansien van elke SUITE wat nie aan enige AANDELEBLOK in terme van die Statute van die MAATSKAPPY verbonde is nie, en wanneer die MAATSKAPPY die reg van gebruik en toegang tot 'n SUITE sal hé vir enige doel wat deur die MAATSKAPPY van tyd tot tyd bepaal mag word insluitende die opknapping, herstel of instandhouding daarvan;

"ONTWIKKELAAR"

LTR BELEGGINGS (EIENDOMS) BEPERK;

"ROERENDE EIENDOM"

die roerende eiendom soos uiteengesit in Aanhengsel "B1" hiertoe;

"SUITE"

die suite in die GEOU wat ingevolge Klousule "2 4" hieronder gemeubileer is en wat aan die AANDELEBLOK gekoppel is ingevolge die Statute van die MAATSKAPPY saamgelees met die OOREENKOMS;

"TOEGEWYSDE LENING"

daardie gedeelte van die HOUER se leningsrekening in die MAATSKAPPY wat aan die AANDELEBLOK toegewys in ingevolge die State van die MAATSKAPPY soos uiteengesit in Bylae "G";

"WEEK"



'n spesifieke week wat, soos aangedui gekoppel is aan die AANDELEBLOK in terme van die MAATSKAPPY se Statute gedurende watter tydperk die HOUER geregtig daarop is om die SUITE wat gekoppel is aan daardie AANDELEBLOK, te GEBRUIK. Die toepaslike bepalings van die Statute van die MAATSKAPPY is hierby aangeheg as Bylae "G":

"WET"

die Wet op die Beheer van Aandeleblokke No 59 van 1980, of enige wysiging daarvan of enige Wet wat in substitusie daarvan gepronuleer mag word:

- 1.2 Woorde of uildrukkings omskryf in die WET het diesellede betekenis hierin.
- 1.3 Die opskrif bo-aan paragrawe is alleenlik verduidelikend en is nie deel van hierdie Ooreenkoms nie.

1985 -09- 10

REGISTRAR OF  
COMPANIES  
PRETORIA

## 2 GEBRUIKSREG

- 2.1 Die HOUER sal die alleenreg hê op die uitsluitlike GEBRUIK van die SUITE vir die WEEK (WEKE) wat betrekking het op sy AANDELEBLOK.
- 2.2 Die HOUER sal die reg hê om gedurende die WEEK die GEMEENSKAPLIKE EIENDOM te GEBRUIK tesame met al die ander lede van die MAATSKAPPY en gebruikers van die oorblywende EIENDOM onderhewig aan:
  - 2.2.1 die regte van die BESTUURDER van die EIENDOM in terme van die BESTUURSOOREENKOMS; en
  - 2.2.2 sodanige voorwaardes en terme soos deur die DIREKTEURE van tyd tot tyd bepaal ingevolge die Bestuursregulasies.
- 2.3 Die regte van 'n HOUER hieronder sal vir die WEEK (WEKE) in elke jaar voortbestaan vir so lank as wat hy die genoltrekkende eiendaar van die AANDELEBLOK is, en vir so lank as wat hy nog steeds voldoen aan al die terme en voorwaardes van hierdie Ooreenkoms en die Bestuursregulasies wat van tyd tot tyd neergelê mag word in terme van Klousule "11".
- 2.4 Die SUITE sal gemeubileer wees met en voorsien wees van die ROERENDE EIENDOM wat vir daardie SUITE gespesifiseer is en wat nie wesenlik sal afwyk van die argiteksplanne aan die KOPER getoon en sal in wese die items insluit wat gespesifiseer is op Aanhangsel "B1" hiertoe, maar die hoeveelheid items sal wissel na gelang van die grootte van die woonstel. 'n Finale inventaris sal aan die KOPER gestuur word tesame met sy getekende afskrif van hierdie Kontrak. Dit word geboekstaaf dat die ROERENDE EIENDOM die eiendom van die MAATSKAPPY is en dat niks in hierdie Ooreenkoms eiendomsreg van enige sodanige ROERENDE EIENDOM in die HOUER sal vestig of hom geregtig maak om enige sodanige ROERENDE EIENDOM uit die SUITE te verwys nie hetsy gedurende die tyd wanneer die SUITE gebruik word hetsy daarna.
- 2.5 Ongeag die bepalings van "2.4", sal die MAATSKAPPY met die magtiging van 'n gewone besluit, goedgekeur op enige algemene vergadering van die MAATSKAPPY, geregtig wees om die lys ROERENDE EIENDOM soos uiteengesit in Aanhangsel "B1" hierby, te verander of aan te vul met dien verstande dat die kwaliteit en omvang van die meublement en toerusting nie verminder mag word nie.
- 2.6 Die SUITE sal uitsluitlik deur die HOUER vir verblyfdoeleindes gebruik word en vir hoegenaamd geen ander doel nie. Die SUITE sal persoonlik deur die HOUER of sy familielede of sy genooide gebruik word, onderworpe aan die voorwaarde dat die getal persone op geen stadium die neergelegde maksimum soos uiteengesit in die Bestuursregulasies mag oorskry nie. In die geval waar die regte van GEBRUIK deur 'n MAATSKAPPY of enige regspersoon gehou word, dan sal die SUITE alleenlik deur die benoemdes van daardie maatskappy of regspersoon of hulle familielede of hulle genooide gebruik word, onderworpe aan dieselfde beperkings wat betref die getal gebruikers en ook onderworpe aan die voorwaarde dat die BESTUURDER se toestemming vooraf verky moet word, welke toestemming nie onredelik weerhou mag word nie.
- 2.7 Die MAATSKAPPY sal nie aanspreeklik wees nie vir enige:
  - 2.7.1 verbreking van die voorwaardes van die BESTUURSOOREENKOMS deur die BESTUURDER of sy werknemers;
  - 2.7.2 handeling of versuum van die BESTUURDER;
  - 2.7.3 onderbreking of gebrek in die water- en elektriese toevoer of enige ander munisipale dienste of ander dienste waarvan die eiendom voorsien word, ondanks die oorsaak daarvan en nie teenstaande die feit dat die HOUER omrede die gebrek of onderbreking gevolgskade mag gely het.
- 2.8 2.8.1 Indien die SUITE op enige tydstip vernuwing of opknapping nodig het, sal die MAATSKAPPY of die BESTUURDER en hulle onderskeie kontrakteurs en werksmense geregtig wees om toegang gedurende normale weksure te verkry vir die doeleindes om die nodige werk uit te voer, met dien verstande dat die MAATSKAPPY sy bes sal doen om te sorg dat sodanige werk verkiekslik gedurende die ONDERHOUDSWEEK(WEKE) plaasvind en met die mins moonlike ongerief. In die geval waar die HOUER of enige persoon wat gebruik maak van die SUITE, enige ongerief moet verduur wat voortspruit uit sodanige werkzaamhede of enige soortgelyke werkzaamheid wat in enige ander gedeelte van die GEBOU uitgevoer mag word, sal die HOUER of sodanige ander persone nie geregtig daarop wees om enige eis teen die MAATSKAPPY of die BESTUURDER in te stel nie.
- 2.8.2 Indien bogenoemde vernuwing- of opknappingswerkzaamhede van so 'n aard is dat die HOUER of enige ander persoon wat die SUITE regmatig mag GEBRUIK, dit nie kan GEBRUIK nie, of as die SUITE om enige rede op enige tyd en van tyd tot tyd nie beskikbaar vir GEBRUIK is nie, sal geen eis teen óf die MAATSKAPPY óf die BESTUURDER bestaan nie, maar die MAATSKAPPY of die BESTUURDER sal daarop geregtig wees om die HOUER of enige ander sodanige gebruiker, sonder enige ekstra koste aan die HOUER of ander gebruiker, van tydelike verblyf te voorsien in enige ander SUITE in die GEBOU vir die duur van die relevante WEEK of sodanige deel daarvan waarvoor die SUITE nie beskikbaar is nie.
- 2.8.3 Ingeval 'n geskil sou ontstaan en daar beslis moet word of die HOUER of enige ander gebruiker nie by magte is om 'n SUITE voordeelig te gebruik of nie, sal die BESTUURDER uitsluitsel gee in die verband. Die BESTUURDER sal, wanneer hy so 'n beslissing gee, as 'n deskundige optree en nie as 'n arbiter nie, en sy beslissing sal final wees en bindend op die HOUER of op sodanige ander persone.

### 3 GEBRUIK VAN SUITE DEUR ANDER PERSONE

3.1 Die HOUER mag vir so lank as wat hy geregtig is om in terme van die GEBRUIKSOOREENKOMS die SUITE te gebruik, met die voorafverkree, skriftelike toestemming van die BESTUURDER, wat nie onredelik weerhou mag word nie, toelaat of magtiging gee dat enige ander persoon die SUITE gebruik vir die WEEK of enige gedeelte daarvan, met dien verstande dat:

3.1.1 sodanige toestemming nie vereis sal word en die bepalings van hierdie Klousule "3" (behalwe Klousules "3.1.2", "3.2.1" en "3.2.3") nie van toepassing sal wees nie met betrekking tot die gebruik van die SUITE deur die eggenote, kinders, ouers of die kleinkinders van die HOUER, of deur enige persoon wat die HOUER of sy eggenote, kinders, ouers of kleinkinders vergesel; en

3.1.2 sodanige gebruik nie die lydperk van die WEEK sal oorskry nie;

3.1.3 die HOUER geen ander gebruik soos voormeld sal toelaat nie tensy hy, voordat sodanige ander persoon of persone se gebruik van die SUITE 'n aanvang neem, die BESTUURDER skriftelik, op die vorm deur hom voorgeskryf, voorsien het van die volle name en adres van die voorgestelde persoon of persone en die besonderhede van sodanige persoon of persone en sy of hulle voorgestelde gebruik van die SUITE;

3.1.4 sou die HOUER nie die bepalings van Klousule "3.1.3" nakom nie, die BESTUURDER geregtig sal wees, sonder benadeling van enige ander regte van die MAATSKAPPY ingevolge die OOREENKOMS, om sodanige ander bogemelde persoon of persone toegang tot die SUITE te weier, en as hulle gebruik alreeds 'n aanvang geneem het, om te vereis of te bewerkstellig dat hulle die SUITE onmiddellik ontruim.

3.2 Ongeag die bepalings van Klousule "3.1" sal:

3.2.1 die MAATSKAPPY Nie uit hoofde van die bepalings van Klousule "3.1" of deur verlening van sy toestemming kragtens Klousule "3.1", geag word van enige van sy regte teenoor die HOUER in terme van die OOREENKOMS of GEBRUIKSOOREENKOMS afstand te gedaan het nie;

3.2.2 as in voorvereiste vir die inwerkingtreding van die MAATSKAPPY se toestemming, die HOUER in skriftelike onderneming van die derde party verkry op sodanige voorwaarde soos die BESTUURDER mag vereis, dat hy behoorlik te alle tye alle regmatige voorskrifte van die MAATSKAPPY en van die BESTUURDER sal nakom en dat hy ook alle toepaslike bepalings van die GEBRUIKSOOREENKOMS en van die Bestuursregulasies sal nakom;

3.2.3 enige verbreking van die genoemde bepalings of van die GEBRUIKSOOREENKOMS of van die Bestuursregulasies deur enige derde party of deur enige persoon wat die SUITE in die geselskap van of in die naam van so 'n derde party of die HOUER gebruik, geag word in verbreking daarvan deur die HOUER te wees

### 4 BESTUUR

4.1 Die bestuur, beheer en administrasie van die EIENDOM, insluitende alle SUITES en ROERENDE EIENDOM en die GEBRUIK, versiering en onderhoud daarvan sal onder die bestuur en beheer van die BESTUURDER wees wat van tyd tot tyd in terme van die BESTUURSOOREENKOMS aangestel mag wees, en wat te alle tye vir regmatige doeleindestes toegang tot die SUITE sal hê.

4.2 Die MAATSKAPPY sal sy bes doen om toe te sien dat die BESTUURDER:

4.2.1 alle verpligtinge wat die MAATSKAPPY van tyd tot tyd in terme van hierdie Ooreenkoms het, uitvoer;

4.2.2 sy verantwoordelikheid nakom om uitvoering te gee aan enige verpligting aan hom opgelê deur die MAATSKAPPY ooreenkonslig die aanstelling van die BESTUURDER in terme van die BESTUURSOOREENKOMS, insluitende die handhawing van die BESTUURSREGULASIES;

4.2.3 sy verantwoordelikheid nakom met betrekking tot die indiensneming en ontslag van enige oopsligter of personeel wat in diens geneem is om enige pligte of dienste met betrekking tot die EIENDOM of die MAATSKAPPY se besigheid uit te voer;

4.2.4 die SUITE behoorlik versien;

4.2.5 beheer uitoefen in verband met die aantekening van die aankoms en vertrek van persone wat geregtig is om die SUITE te gebruik;

4.2.6 in die naam van die MAATSKAPPY alle gelde vorder wat van tyd tot tyd ingevolge die vereistes van die WET deur die HOUER aan die MAATSKAPPY verskuldig mag wees;

4.2.7 kontrole uitoefen met betrekking tot die algemene gebruik van die GEBOU insluitende die SUITE, deur die HOUERS, vir die gesamentlike voordeel en gerief van die HOUERS, en toesien dat die besigheid en onderneming van die MAATSKAPPY te alle tye behoorlik bestuur word;

4.2.8 die nodige reëlings trekkon ooreenkonslig die Bestuursregulasies van tyd tot tyd deur die BESTUURDER neergelê, uitvoering te gee aan die gebruiksregte van HOUERS ingevolge die OOREENKOMS

4.3 Die HOUER onderneem namens enige persoon wat die SUITE van lyt tot tyd mag gebruik, om die regmatige voorskrifte van die BESTUURDER te alle tye te gehoorsaam en na te kom; indien die HOUER en/of enige ander sodanige persoon sou nalaat om die aankomsprosedures, soos van tyd tot tyd voorgeskryf deur die BESTUURDER, na te kom, sal die bepalings van Klousule "3.1.4" mutatis mutandis van toepassing wees.

### 5 VERBOUINGS EN VERSIERING

Die HOUER sal nie die binnekant of die builekant van die SUITE verbeter, versier, verbou, of enige veranderings daaraan maak nie of peuter met enige loebehore, bedrading, aansluitings of waterpype wat die SUITE bedien nie.

## 6. ONDERHOUD

### 6.1 Onderhoud van SUITE:

Behoudens die bepalings van "6.3", "6.4", "6.5" en "7" sal die volgende bepalings geld:

- 6.1.1 Die MAATSKAPPY sal te alle tye verantwoordelik wees vir die behoorlike onderhoud van die hele SUITE, insluitend (maar nie daar toe beperk nie) alle elektriese bedrading en toebehore en hegstuks, loodgieter, pypwerk, toestelle en enige toebehore hoegenaamd, en om die binne oppervlakte van die mure en alle vensters, vensterrame, toebehore en deure, asook die ROERENDE EIENDOM beval in die SUITE, in 'n goeie en werkende toestand te onderhou, verslete of verlore items met nuwes te vervang, en sal ook verantwoordelik wees vir alle onderhoud, herstel, vervanging van enige aard hoegenaamd, die verwijdering van enige versperring in enige afvoerpype, riele, loodgieter en sanitêre toerusting en aansluitings en die onderhoud en vervanging daarvan. Die HOUER het geen verantwoordelikheid in hierdie verband nie behalwe soos elders neergelê en soos neergelê in Klousules "7" en "10" hieronder.
- 6.1.2 Dit word ooreengekom dat die HOUER die gebruik van die SUITE en die ROERENDE EIENDOM op 'n voelstootse grondslag verkry vir die WEEK sonder enige uitdruklike of stilswyende waarborgte en in die toestand soos dit huidiglik is of sal wees wanneer die HOUER gebruik daarvan begin maak. Die MAATSKAPPY sal poog om toe te sien dat binne 'n redelike tydperk nadat dit daarvan in kennis gestel is enige gebrek in die SUITE of ROERENDE EIENDOM herstel word. Enige item, goedere of eiendom wat deur die HOUER in die SUITE geplaas word, sal sover dit die MAATSKAPPY aangaan, op die HOUER se eie risiko wees en die HOUER sal geen eis teen die MAATSKAPPY hê nie vir enige verlies of skade ongeag of dit ontstaan het vanweë die toestand van die SUITE of vanweë enige ander rede hoegenaamd.
- 6.1.3 Die HOUER onderneem om hom gebonde te hou aan enige procedures voorgeskryf in die BESTUURSREGULASIES of deur die BESTUURDER van tyd tot tyd vir die neem van inventarisste van die los en vaste toebehore en die ROERENDE EIENDOM by die aanvang en einde van die relevante WEEK of WEKE.

### 6.2 Onderhoud vir die res van die EIENDOM:

Dit sal die plig van die MAATSKAPPY wees om:

- 6.2.1 benewens die bepalings van "6.1", toe te sien dat die eksterne gedeeltes van die held oorblywende gedeelte van die EIENDOM, beide binne en buite, insluitende die vermaakklikheids-, onspannings- en alle ander fasilitete wat ROERENDE EIENDOM en die gebruikers daarvan dien, insluitende alle toebehore, versierings, uitrusting, toestelle en ROERENDE EIENDOM wat in of tesame met die EIENDOM gebruik word en alle buite terrasse, stoels en toebehore tesame met die parkeerterreine, motorhuise en tuingebiede in 'n goeie, netjiese, veilige en in 'n behoorlik bewoonbare toestand en orde onderhou word, en van tyd tot tyd soos dit nodig of vereis mag wees, items te hernu of te vervang;
- 6.2.2 die EIENDOM en ROERENDE EIENDOM te verseker en verseker te hou teen alle risikos waarvoor die DIREKTEURE dekking nodig ag, of andersins soos besluit deur die lede van die MAATSKAPPY van tyd tot tyd op algemene vergaderings van die MAATSKAPPY.
- 6.3 Die MAATSKAPPY en die BESTUURDER se respektiewe agente of werknemers sal te alle tye geregtig wees om die SUITE wat deur 'n HOUER gebruik word, te inspekteer en as die MAATSKAPPY ontevreden is met die toestand of met die inhoud daarvan, die HOUER aan te sê om enige gebreke reg te stel as sodanige gebreke deur die HOUER veroorsaak is. As die HOUER nalaat om die gebreke te herstel, sal die MAATSKAPPY geregtig wees om onverwyld en sonder benadeling van enige ander regte ingevolge die OOREENKOMS OF GEBRUIKSOOREENKOMS of die STATUTE, die gebreke reg te stel op onkoste van die HOUER en enige onkoste of uitgawes wat dit mag aangaan van die HOUER te verhaal.
- 6.4 Die MAATSKAPPY en die BESTUURDER se gemagtigde werknemers sal te alle redelike tye geregtig wees om enige SUITE op die EIENDOM binne te gaan, om dit na te gaan en om enige gebrek daarin of in enige ander gedeelte van die EIENDOM reg te stel. As die HOUER nie persoonlik teenwoordig is om die SUITE oop te sluit wanneer toegang tot die SUITE benodig word nie, dan sal enige behoorlik gemagtigde agent van die MAATSKAPPY of van die BESTUURDER geregtig wees om die SUITE oop te maak en binne te gaan sonder dat enige eis vir skadevergoeding uit hoofde daarvan sal ontstaan.
- 6.5 Die MAATSKAPPY sal nie verantwoordelik wees nie vir en die HOUER vrywaar die MAATSKAPPY teen enige verlies, skade of besering wat die HOUER of enige ander persoon wat van die SUITE gebruik maak, in die SUITE of in enige ander deel van die MAATSKAPPY se EIENDOM mag ly of opdoen op grond van enige handeling of versuim aan die kant van die MAATSKAPPY of die MAATSKAPPY se werknemers. Die MAATSKAPPY sal ook nie verantwoordelik wees nie vir en die HOUER vrywaar die MAATSKAPPY teen aanspreeklikheid vir enige verlies, skade of besering van enige aard hoegenaamd wat die HOUER of enige ander sodanige persoon mag ly of opdoen vanweë die bestaan van enige gebreke in die EIENDOM of SUITE of vanweë herstelwerk, hernuwingswerk en/of onderhoudswerk wat op die oorblywende gedeelte van die EIENDOM deur die MAATSKAPPY of deur enige ander gebruiker uitgevoer word, of vanweë die feit dat herstelwerk, hernuwingswerk en/of onderhoudswerk nie betys of hoegenaamd nie gedoen is nie, en die HOUER sal ook nie om enige bogenoemde rede of enige ander rede hoegenaamd geregtig wees om enige geldte wat aan die MAATSKAPPY verskuldig is, te weerhou nie.

1985 -09- 10

## 7. HOUER SE VERANTWOORDELICHEDE

Ongeag eniglets tot die teendeel vervat in "6.1" en "6.2"

- 7.1 Sal die HOUER verplig wees om die SUITE in 'n skoon en netjiese toestand te hou en die inhoud van die SUITE en ander fasilitete in die oorblywende gedeelte van die EIENDOM op so 'n manier te gebruik dat hulle in die bes moonlike toestand behoue bly, onderworpe egter aan die toepaslike bepalings van die Bestuursregulasies.
- 7.2 As dit na die mening van die BESTUURDER noodsaaklik word om enige herstelwerk of hernuwingswerk te laat doen aan die EIENDOM of enige gedeelte daarvan insluitende die SUITE, of enige fasilitete, toebehore of uitrusting wat die EIENDOM dien of wat beskikbaar is vir gebruik deur die HOUER, vanweë enige handeling of versuim deur die HOUER, enige lid van sy huisgesin of enige besoeker of gebruikmaker van die SUITE (ongeag of sodanige handeling of versuim per ongeluk, natatiglik of opsetlik geskied het) sal die HOUER verantwoordelik wees vir die herstel of hernuwing van die betrokke gedeelte van die EIENDOM of ROERENDE EIENDOM. Die MAATSKAPPY het die reg om enige koste deur die MAATSKAPPY aangegaan om sodanige herstelwerk of hernuwingswerk te doen, van die HOUER te verhaal.

1985 -03- 18

- 10.6.3 90 (NEGENTIG) punte word toegedeel aan elke AANDELEBLOK wat betrekking het op die MIDDLESEISOEN weke (synde weke Nos 3, 19, 20, 21, 37, 38 en 39 soos uiteengesit op Bylae ('G')):
- 10.6.4 80 (TAGTIG) punte word toegedeel aan elke AANDELEBLOK wat betrekking het op die SEMISEISOEN weke (synde weke Nos 4, 5, 6, 7, 8, 9, 10, 11, 12, 18 en 44 soos uiteengesit op Bylae ('G')):
- 10.6.5 PUNTBASIS beteken dat die tarief per PUNT (soos omskryf in 10.6.1 – 10.6.4) bereken word deur die totale Heffingsfonds vir die BEDRYFSJAAR te verdeel deur die somtotaal van die PUNTE wat betrekking het op al die AANDELEBLOKKE wat die totale uitgereikte aandelekapitaal van die MAATSKAPPY daarstel:
- 10.6.6 Die tarief per AANDELEBLOK word bereken deur die tarief per PUNT te vermenigvuldig deur die aantal punte toegedeel aan 'n gegewe AANDELEBLOK.
- 10.7 Enige bedrag verskuldig deur 'n HOUER ten opsigte van 'n heffing of paalemente van 'n heffing sal 'n skuld wees wat aan die MAATSKAPPY verskuldig is en sal deur die MAATSKAPPY verhaalbaar wees. Die verpligting van 'n HOUER om 'n heffing te betaal, beëindig wanneer die HOUER se GEBRUIK wettiglik beëindig is, met dien verstande dat alle agterstallige heffings tot op die datum van sodanige beëindiging nogtans verhaalbaar van die HOUER sal wees. Geen heffing of enige deel van enige heffing wat deur 'n HOUER betaal is, sal by beëindiging van die HOUER se GEBRUIK terugbetaalbaar wees nie.
- 10.8 Die HOUER is aanspreeklik vir die betaling van rente aan die MAATSKAPPY op alle agterstallige heffings of enige gedeelte daarvan teen 'n rentekoers gelykstaande aan 2% (TWEE PER CENTUM) meer as die prima oortrokke bankkoers van tyd tot tyd deur Volkskas Beperk gehef op oortrokke fasiliteite.
- 10.9 Die HOUER is nie geregtig om toegang tot die SUITE te verkry of gebruik daarvan te maak totdat hy alle agterstallige geldte betaal het nie.
- 10.10 Die HOUER het nie die reg om enige geldte wat hy aan die MAATSKAPPY betaal het by ~~wyse van enige heffing terua te eis nie,~~ maar in die geval waar die HOUER die AANDELEBLOK vervreem, sal die oordragnemer ~~geregtig wees~~ op enige krediet wat die HOUER mag toekom kragtens "10.4".

POSBUS 429 P.O. BOX

1985 -09- 17

PRETORIA

REGISTRAR OF COMPANIES

MAATSKAPPYE

## 13 SESSIE VAN REGTE

- 13.1 Die HOUER sal geregtig wees om sy regte hierkragtens in sedeer aan die oordagnemer van die AANDELEBLOK waarop hierdie Ooreenkoms betrekking het:
- 13.1.1 gelyktydig en tesame met die oordrag van die AANDELEBLOK tensy die DIREKTEURE tot die uitstel van die oordrag van die AANDELEBLOK toestem:
- 13.1.2 gelyktydig en tesame met delegasie aan en die aanvaarding van aanspreeklikheid deur die oordagnemer van die HOUER se aanspreeklikheid teenoor die MAATSKAPPY hierkragtens en kragtens die Statute van die MAATSKAPPY;
- 13.1.3 onderhewig aan die toepaslike bepalings van die Statute en aan die voorafverkreë skriftelike toestemming van die MAATSKAPPY
- 13.2 Enige sodanige sessie en delegasie sal in sodanige vorm en op sodanige voorwaardes wees soos deur die MAATSKAPPY van tyd tot tyd bepaal.

## 14 BEEINDIGING

- 14.1 Die GEBRUIKSOOREENKOMS bly alleenlik van volle krag en effek (en net ten opsigte van die WEEK(WEKE)) solank die HOUER die geregistreerde of genottrekende eienaar van die AANDELEBLOK bly of geregtig bly om oordrag daarvan te neem, met dien verstande dat:

- 14.1.1 indien die HOUER of enige persoon wat die SUITE GEBRUIK of wat geregtig is om dit te GEBRUIK sou versuim om die SUITE en/of die GEBOU te ontruim:

14.1.1.1 aan die einde van enige WEEK sonder om eers die skriftelike toestemming van die BESTUURDER daartoe te verkry, tensy die HOUER 'n geldige ooreenkoms bereik het met die HOUER van die daaropvolgende WEEK of WEKE om sy GEBRUIK voort te sit of andersins aan die bepalings van Klousule "3" hierbo voldoen het;

14.1.1.2 op die versoek van die DIREKTEURE of BESTUURDER in die omstandighede na verwys in Klousule "3.1.4", "4.3" of "10.9" hierbo; of

- 14.1.2 indien die HOUER hom skuldig maak aan enige ander verbreking van die bepalings van die OOREENKOMS, GEBRUIKSOOREENKOMS, Statute van die MAATSKAPPY of van die Bestuursregulasies en ingeval die HOUER nalaat om sodanige versuim reg te stel binne 14 (VEERTIEN) dae na versending van skriftelike aanmaning om die versuim reg te stel;

die MAATSKAPPY die reg sal hê, nieteenstaande enige voorafgaande tegemoetkoming en sonder benadeling van enige ander regte waarop dit geregtig mag wees, om hierdie OOREENKOMS onmiddellik te kanselleer en om herbesit van die SUITE te verkry en vir daardie doeleinde om enige regaksie in te stel vir die uitsetting van die HOUER en/of enige ander gebruiker van die SUITE sonder benadeling van die MAATSKAPPY se reg om enige gelde op te eis wat aan hom verskuldig is en om enige skade te eis wat die MAATSKAPPY Mag ly as gevolg van die versuim van die HOUER insluitende regskoste op prokureur-en-kliënt skaal en ongeag of aksie ingestel is of nie

- 14.2 In die die omstandighede in "14.1" vermeld sal die MAATSKAPPY die volgende verdere regte hê:

- 14.2.1 Sonder benadeling van die MAATSKAPPY se reg om die AANDELEBLOK te enige tyd te verkoop, sal die MAATSKAPPY die reg hê om as agent vir en namens die HOUER en as procurator in rem suam die gebruik van die SUITE uit te huur en om alle huurgeld betaal deur enige huurder in te vorder en om eerstens verhuringskommissie @ 15% (VYFTIEN PER CENTUM) daarna enige gelde deur die HOUER aan die MAATSKAPPY verskuldig en daarna enige gelde deur die HOUER verskuldig aan die persoon van wie hy die AANDELEBLOK verkry het af te trek; en

- 14.2.2 Sonder benadeling van enige ander regte en sonder om vooraf die toestemming daartoe van enige pandhouer- verkoper van die HOUER die AANDELEBLOK verkry het te moet verkry, die AANDELEBLOK te verkoop. Die opbrengs ontvang deur die MAATSKAPPY uit die verkooping sal eerstens aangewend word ter delging van agentekommissie, daarna in mindering van enige bedrag verskuldig deur die HOUER aan die MAATSKAPPY en daarna in mindering van die HOUER se aanspreeklikheid teenoor die persoon van wie hy die AANDELEBLOK verkry het en enige surplus sal aan die houer oorbetaal word wat aanspreeklik sal bly vir enige tekort. Vir alle doeleindes van hierdie GEBRUIKSOOREENKOMS word 'n handeling of versuim deur enige persoon wat geregtig is op die gebruik van die SUITE of deur sy genoode geag 'n handeling of versuim van die HOUER te wees.

- 14.3 Teneinde uitvoering te kan gee aan die voorafgaande bepalings het die MAATSKAPPY die reg om die AANDELEBLOK oor te dra en om hierdie GEBRUIKSOOREENKOMS aan die koper van die AANDELEBLOK te sedeer vir en namens die HOUER, wat onmiddellik sy aandeelsertifikaat aan die MAATSKAPPY sal lewer. Indien die HOUER daarin versuim is die MAATSKAPPY geregtig om die nodige oordraginskrywings in sy federegiester en rekords te maak sonder die levering van die aandeelsertifikate en sodra sodanige inskrywings gemaak is sal die HOUER in versuim ophou om 'n lid van die MAATSKAPPY te wees en sal hy geen verdere regte hierkragtens hê nie en sy aandeelsertifikate sal geag gekanselleer te wees en die koper sal geag word 'n geldige titel te verkry het.

## 15 VOLLE OOREENKOMS

Hier GEBRUIKSOOREENKOMS saamgelees met die OOREENKOMS beval die volle ooreenkoms tussen die partye. Die HOUER erken dal geen waarborg aan hom gegee of voorstellings aan hom gemaak is behalwe soos in hierdie GEBRUIKSOOREENKOMS en die OOREENKOMS uileengesil nie. Geen wysiging hiervan is van enige drag of effek tensy dit oop skrif geset is en deur al die partye onderteken is nie

## 16 UITSTEL OF TEGEMOETKOMING

Geen uitstel of tegemoetkoming wat die MAATSKAPPY aan die HOUER mag verleen met betrekking tot die nakoming van enige van sy verpligtinge, benadeel of stel 'n alstanddoening of novasie daar van enige van die MAATSKAPPY se regte ingevolge hierdie GEBRUIKSOOREENKOMS nie.